Bellville-Oos
GEREFORMEERDE KERK

**23 Augustus 2026**

***Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!***

# Die Boodskapper

**Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) /** admin@gkbo.org.za

## Oggenderediens (9:30) : Ds Johan Willemse

**Voorsang:** Ps 27: 1,4 en 6 (Totius)
**Votum en Groetseën**
**Sing:** Ps. 100: 1-4 (Totius)
**Geloofsbelydenis**
**Wet van die Here**
**Sing:** Sb. 9-1:1 en 11
**Bediening van die Doop**
**Sing:** Ps. 92: 1,5 (Cloete)

**Skriflesing: Gen. 15: 1-21; Gen 17:1-14 en 23-27**
**Fokusvers:** Gen. 15:8 en v 18a
**Tema:** *God maak sy beloftes sigbaar en seker om twyfelende gelowiges te versterk*
**Sing:** Ps. 105-1: 1,6
**Gebed**
**Sing:** Ps. 146: 1,4 en 8 (Totius)
**Uitstuurseën**

## English Service (16:30) : Ds Tshidiso Moletsane

**Scripture: John 3: 3-5 : Assurance of Salvation**
- **Sing:** Joyful, Joyful, We adore You
- **Sing:** Holy, Holy, Holy

**Apostolic Creed**
**The Ten Commandments**

**Reading and Sermon**
- **Sing:** Before the throne of God above
- **Sing:** In Christ alone

**Benediction**
**Doxology**

## Aanderediens (18:00) : Ds Brahm Robinson

**Votum**
**Sing:** Ps. 121: 1-2 (Cloete)
**Groetseën**
**Sing:** Ps. 68: 1,3 en 9 (Totius)
**Gebed**
**Woordbediening**
**Skriflesing:** Ef. 4: 7-16 en HK So 25 V/A 65

**Tema:** ***Christus bou sy kerk deur sy Woord as genademiddel***

**Sing:** Sb 15-7: 2 en 4
**Uitstuurseën**
**Sing:** Ps. 121:3 (Cloete)

# Waarvoor kan ons bid?

- Doen voorbidding vir GK Vredenburg se voornemens, dat die Here sy seën volgens sy wil gee
- Dank die Here dat Hy 'n seël en ontwyfelbare getuienis gee van sy ewige verbond wat Hy met ons gesluit het.
- Bid vir die kerkraadsvergadering wat Woensdag plaasvind.
- Bid vir die gesamentlike toerusting: dat die Here dit ook sal gebruik tot verdere opbou en vrede in ons gemeente.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Chri-sante: | **Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676 | | |
| | **Alle Hospitale**: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen | | |
| **WEBTUISTE**: | https://www.gkbo.org | | |
| **Ds Brahm Robinson**: | 064 656 1374 | brahmrobinson@gmail.com | |
| **Ds Jaco Linde** | 062 552 5492 | lindejaco@gmail.com | |
| **Kerkkantoor/whatsapp**: | 082 712 4629 | admin@gkbo.org.za | |
| **Kassier:** | 083 659 1301 | kassier@gkbo.org.za | |

**KOLLEKTES: VANDAG :** Diakonale Kas en Expando
**Sondag 30 Augustus :** Instandhouding van Erediens en Huis Boland

| | **VANDAG:** | **Sondag 30 Augustus:** |
|---|---|---|
| **Orrel:** | Bart van Milligen | Pieter Venter |
| **Projektor:** | Arne SIngels | Matt Venter |
| **Teeskink:** | GF15; GF16; ST3 | **Nagmaal en kuier** |

**KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG:** Wagner Human en Hennie Kruger
**Sondag 30 Augustus**: Martin Jacobs en Douw Krüger

**DAGBOEK 23 Augustus tot 30 Augustus**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VANDAG | Gebedsgeleentheid | Gebedskamer | 9:00 |
| Ma 24 Aug | Bybelstudie - aand | GKBO voorportaal | 19:00 |
| Di 25 Aug | Griefshare sessie 2 | GKBO konsistorie | 9:30 |
| Wo 26 Aug | Bybelstudie - oggend | GKBO klein saal | 10:00 – 11:00 |
| Wo 26 Aug | Breë Kerkraadsvergadering | GKBO | 18:30 |
| Wo 26 Aug | Ouderlingvergadering | GKBO | Na BKV |
| Do 27 Aug | Bestuursouderlinge vergadering | AANLYN | 07:30 |
| Do 27 Aug | GKBO/GKB/VGK Konferensie | GKBO | 19:00 |

# Van die Kerkraadstafel:

**Ds Jaco en Suzaan** is steeds met verlof tot 30 Augustus. Ons bid hulle 'n veilige reis!

**Op 27 Augustus** vind daar weer 'n gesamentlike konferensie met GKBO, GK Bellville en die Vrye Gereformeerde Kerk plaas. Dit sal DV om 19:00 hier in ons kerkbegou geskied. **Almal is hartlik welkom. Tema**: **Hoe hanteer ons konflik vanuit 'n Christelike perspektief.** Aanbieder is Ds Johan Bruintjes van die VGK Bellville.

**Vanaf *Sondag 6 September*** skuif ons oggenderedienste weer na **Somertye**. Ons oggenderedienste sal dus dan om **9:00** begin. Die Engelse eredienste sowel as die aanderedienste se tye bly dieselfde, onderskeidelik 16:30 en 18:00.

## Rapport aan die Kerke: Kuratoriumvergadering 21-22 Julie 2026

Die Kuratorium van die GKSA bestaan uit afgevaardigdes van die Streeksinodes in Suid-Afrika en die Nasionale Sinode in Namibië en hou toesig oor die dosente, studente en kurrikulum van die Teologiese Skool Potchefstroom (TSP). Die Kuratorium het op 21–22 Julie 2026 vergader en rapporteer soos volg:

### 1. Besluite van Algemene Sinode 2026

- Die **TSP bly die amptelike opleidingsentrum** waar alle GKSA-kandidaatstudente ingeskryf word, terwyl die **Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA)** die aangewese instelling vir die akademiese opleiding is.
- As **oorgangsreëling** kan nuwe eerstejaar-kandidaatstudente in 2026 hulle studies óf by die GTA óf by **Mukhanyo Theological College (MTC)** volg terwyl die GTA sy plaaslike akkreditasieprosesse afhandel.
- Studente wat reeds by die **NWU** ingeskryf is, kan hulle studies daar voltooi. Die beroepe professore begelei hulle DV tot einde 2029.
- Die TSP het tans studente wat by **drie verskillende opleidingsinstansies** studeer.

### 2. Studentesake

Daar is tans **45 studente** aan die TSP, waarvan **11 in K6**, die finale jaar wat spesifiek op voorbereiding vir die bediening gerig is.

Die Kuratorium het kandidaatsertifikate oorhandig aan **Jaco Roets, Pieter Deysel, Tsediso Matheba en Mixo Manganye**, wat hulle verder voorberei om by die Streeksinodes vir eksaminering kragtens KO art. 4 aan te meld. **Andries Kruger**, wat kragtens KO art. 9 aangemeld het, het aan die vereistes vir die Kandidaatsertifikaat voldoen en kan ook by die Streeksinode aanmeld om kragtens art. 4 beroepbaar gestel te word.

Die Kuratorium doen, in die lig van **KO art. 19**, 'n ernstige beroep op kerke om geroepe broeders aan te moedig om vir teologiese studie aan te meld: *"Die oes is groot, maar die arbeiders min..."* (Matt. 9:37–38).

### 3. Personeel

Die aantal **beroepe professore** het oor die afgelope jare van 18 tot **7** afgeneem, terwyl die werksdruk toegeneem het. Die Kuratorium ondersoek daarom die moontlikheid om 'n **professor in Teologie** te beroep om die GTA en TSP te versterk. Die beroepe professore is tans ook verantwoordelik vir die kandidaatstudente by die NWU en MTC.

Die GTA word tans deur **tydelike dosente, hoofsaaklik GKSA-predikante**, bedien. Die Kuratorium waardeer die werk van die professore kragtens KO art. 18, asook dié van die registrateur en ondersteunende personeel.

### 4. Opleiding aan die GTA

Die GTA se belangrikste strategiese doelwit is **binnelandse akkreditasie**. Voorbereidings vir akkreditasie deur die Raad op Hoër Onderwys en registrasie by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding is aan die gang.

Die huidige ooreenkoms met **Puritan Reformed Theological Seminary (PRTS)** eindig op **10 Desember 2026**. Die GTA bou egter voort aan sy eie kapasiteit en ontwikkel die **Ad Fontes-aanlynplatform** verder.

## 5. Finansies

Die TSP se finansiële posisie is oor die algemeen **gesond en goed bestuur**, maar die Kuratorium is bekommerd oor die ekonomiese druk op lidmate en gemeentes, soos weerspieël in dalende ramingsinkomste en lidmaatgetalle.

Al hoe meer studente ervaar finansiële nood, terwyl die **Studentehulpkas** onder druk is en studente se lewenskoste styg. Gemeentes word versoek om die fonds te ondersteun. Die moontlikheid word ook ondersoek dat ’n gemeente of groep gemeentes ’n student kan **"aanneem"** en gedeeltelike verantwoordelikheid vir sy daaglikse versorging aanvaar.

## 6. Verhouding tussen TSP (Teologiese Skool Potchefstroom) en NWU

Die dekades lange ooreenkoms tussen die TSP en NWU **eindig aan die einde van 2026**. Hiermee kom ’n verhouding wat groot voordeel vir die kerke ingehou het tot ’n einde. Onderhandelinge om die belange van die twee instansies te ontbondel, is aan die gang.

## 7. Navrae

Kerke kan navrae oor teologiese opleiding of die rapport aan die **Voorsitter van die Kuratorium of die Registrateur van die TSP** rig.

## 8. Voorbidding

Die Kuratorium beklemtoon dat die opleiding van Woordbedienaars nie sonder die **voorbidding van die kerke** kan voortgaan nie. Gebed word gevra vir:

- genoeg broeders met die gawes en roeping om as Woordbedienaars bekwaam te word;
- die beroepe professore om hulle roeping getrou uit te leef tot opbou van die gemeentes en uitbreiding van Christus se Koninkryk;
- die GTA, MTC en NWU om in veranderende tye met onderskeidingsvermoë diensbaar te wees in die Here se Koninkryk;
- die Kuratorium om sy toesighoudende taak ernstig en tot opbou van die TSP en kerke uit te voer; en
- die Here se voorsiening van genoeg **geestelike en stoflike gawes** om die werk getrou voort te sit.

---

## Sakrament van die Nagmaal – Sondag 30 Augustus

Ons vier DV volgende Sondag **30 Augustus** die sakrament van die Nagmaal in opdrag van ons Here Jesus Christus.
In die oggende geskied dit in die banke asook aan tafel terwyl dit in die aande slegs aan tafel gevier word. Die ouderlinge sal tydens die bediening van die Nagmaal die wyn en die brood uitdeel. Hou dit gerus by u sodat ons almal saam die Nagmaal kan vier.

Indien u dalk die oggend of aand ’n besoeker is,  is u ook welkom om die Nagmaal saam met ons te vier indien

- u onvoorwaardelik Jesus Christus as Verlosser en Koning bely en biddend navolg deur die krag van die Heilige Gees
- u die gereformeerde godsdiens bely en beoefen
- u die vrymoedigheid het om die Nagmaal in u eie gemeente te vier en nie onder kerklike tug staan nie.

Skriftelike aansoeke kan gerig word aan skriba@gkbo.org.za

## Bediening van die sakrament van die doop :

Die sakrament van die doop word vanoggend bedien aan **Johan, die eersteling seuntjie van Wagner en Andriette Human.** Ons is saam met julle en julle ouers die Here dankbaar vir hierdie nuwe verbondskindjie.
**Ouma Suzaan (Human)** het die voorreg om vir Johan na die doopvont te bring. Oupa **Christo en ouma Gerda Barnard** woon ook die mooi geleentheid by. Mag Johan ook vir julle veel liefde en vreugde bring.

# Lidmaatsake/Nuus

## Meelewing:

- **Jané Craven se pa Deon** is 'n geruime tyd gelede gediagnoseer met kanker. Hy word tans met bestraling vir breinkanker behandel. Dit is vir hulle as gesin 'n swaar tyd. Ons vra voorbidding vir hulle as gesin. Mag hulle bewus wees van die Here se nabyheid.
- **Ena Kruger** het 'n stent ontvang in haar been en sou Donderdag ontslaan word. Sy het egter Donderdag komplikasies ontwikkel en moes eers verder behandel word. Ons bid vir haar vir herstel en dat sy gou ontslaan sal word.
- **Jeanette Loock** het weer begin met 'n volgende rondte chemo- en immunoterapie. Ons wil haar, Christiaan en die kinders verseker van ons voortgesette voorbidding vir hulle.
- **Dawie Strachan** het tydens verlede Sondagoggend se erediens ongesteld geraak. Na 'n paar dae in die hospitaal en 'n hele aantal toetse kon die dokters geen konkrete antwoorde gee nie, en hoop ons saam met hulle dat dit net 'n eenmalige gebeurtenis was. Hy word mooi deur Marlene versorg. Ons is dankbaar dat daar niks ernstigs gevind is nie.
- **Evert Veenstra** se delikate prosedure is voorlopig uitgestel tot 'n latere datum, maar daar is wel 'n prosedure op sy gesig gedoen. Hy sterk aan in die siekeboeg van Oude Westhof.
- **Susan Venter** moes ook vir 'n paar dae 'n draai maak in die hospitaal maar is reeds ontslaan en sterk tuis aan. Ons bid haar 'n spoedige herstel.

## Baie dankie

Báie dankie vanaf Dawie en Marlene Strachan

Ons is báie jammer dat die insident met Dawie tydens verlede Sondag se erediens plaasvind het en báie ontwrigting veroorsaak het. Ons dra ons groot en opregte dank oor aan élkeen wat dadelik opgetree het en ons spesiale bystand verleen het. Ons harte loop oor van die onbaatsugtige liefde wat ons uit hierdie gemeente ervaar het. Ons wil vir ds Jaco spesiaal bedank vir sy geduld en spesiale gebed vir Dawie voor hy weer aangegaan het met die erediens. Ons waardeer élkeen opreg. Mag ons Vader elkeen seën.

## *Con Spirito* Filharmonies

Op Saterdagaand 29 Augustus om 19:30 dirigeer Sjoerd Alkema Con Spirito Filharmonies met 11 uittreksels uit die beroemde *Messiah* van Handel. Dit word in Engels gesing en die teks kom uit die Bybel. Dit vertel die verhaal en betekenis van ons Messias in musiek vir koor, soliste en orkes. Ook ingesluit op die program is twee solowerke van Mozart (klavier) en Haydn (tjello).
Kaartjies by Allmusic, die deure of by Webtickets.

## Griefshare

Komende Dinsdag word **sessie 2** van die derde Griefshare program aangebied.  Dit vind plaas in die GKBO konsistorie om 9:30  Belangstellendes kan vir Reinder kontak op 084 827 2443.

## Mediateek






# Charitas: Augustus Nuus

Liewe GKBO, ons deel graag **positiewe terugvoer** oor ons huidige projekte:

- Die **dagsorgprogram** in Goliath Estate bedien tans 12 voorskoolse kinders en stel twee gemeenskapslede in diens. Ons het ook ondersteuning ontvang om elke kind soggens met 'n gebalanseerde maaltyd te voorsien tot en met die einde van die jaar!
- Die **naskoolse tutorprogram** bars uit sy nate – die huiswerkhulp word tans twee maal 'n week aangebied maar daar is aanvraag vir meer. Hoe wonderlik om 'n veilige ruimte te hê waarheen kinders wil kom om te leer!
- Ons fasiliteer tans 14 kinders se **vervoer na en van skool** af – dit is vier meer as waarvoor ons aanvanklik begroot het. Wat 'n genade dat ons op so klein manier kan bydra om die kinders in die skool te help hou!
- Die **maandelikse uitreike (GF30) en kwartaal uitreike (diakonie)** is besig om ons verhoudigs met die gemeenskap te versterk en hoop te saai. Mag God hierdie gewillige hande seën om Sy oes verder te groei.

Om hierdie nodige inisiatiewe op 'n volhoubare wyse uit te brei, wil ons graag jul hulp vra. **Ons benodig tans:**

1. **Nog mense in die Charitas span** – spesifiek:
   - Iemand om met die jaarlikse **finansiële oudit** te help
   - 'n Persoon of groep wat 'n eenmalige **fondsinsamelingprojek** kan bedryf
   - Nog mense wat wil **saam dink en bid** oor hoe om ons mandaat so goed moontlik uit te leef

2. **Mense wat kan help met tutoring** – verkieslik op 'n gereelde basis, 1 x 'n week vir 60-90 minute op 'n slag

3. **Bydraes of borge** om ons vervoerprojek (dit beloop sowat R10,000 per maand) aan die gang te hou

## Kontak ons gerus as die Here dit op jou hart lê om betrokke te raak!

In Sy diens:
Die Charitas span

## Laerskool aksie Graad 1 - 7 bied aan: Wat is kerk?

**Datum: 11 September 2026 (Vrydagaand)  Tyd: 18:00**

**Wat dit behels:** Ons gaan 'n paar vinnige speletjies speel om te leer *wat is kerk*? Ons gaan ook leer wat binne ons gemeente aangaan. Die jeug is reeds deel van die kerk van Christus dus moet hulle leer wat dit beteken.

Ons gaan die vuur aansteek vir die ouers om 'n lekker worsie te kan braai, en so met mekaar te kan kuier.

Daar gaan pryse wees vir die kinders om te wen.   Hier is 'n paar vrae wat julle as 'n gesin kan bespreek ter voorbereiding.

- Wat is kerk?
- Hoekom gaan ons kerk toe?
- Wat is 'n Dominee/Diaken/Ouderling?
- Wat is my rol in die kerk?



**Vir enige navrae kontak gerus vir Zea Duffy: 076 301 4911**




# Boodskapper berigte en kontakbesonderhede kerkkantoor

Berigte vir die Boodskapper moet asseblief **SLEGS PER EPOS na [admin@gkbo.org.za](mailto:admin@gkbo.org.za)** gestuur word, en *nie per whatsapp nie.* (Die kantoor ontvang geen eposse van die onbemande adresse nie.)

Ons vra ook vriendelik dat lidmate die **kerk se selnommer (082 712 4629)** gebruik vir kerkaangeleenthede en nie die admin beampte se persoonlike selnommer nie.  Baie dankie vir u samewerking hiermee.

# Verjaarsdae



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar, in besonder **Rina Prinsloo en Thea van der Walt.** Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Sondag | 23-Aug | LIAN | BLIGNAUT | KU2 |
| Maandag | 24-Aug | GABBY | EKSTEEN | BR3 |
| | | HENK | OOSTHUIZEN | TY2 |
| | | TJAART | VAN WYK | KR2 |
| **Dinsdag** | **25-Aug** | HELé | COETZEE | GF32 |
| | | MARNé | J VAN VUUREN | GF05 |
| | | **RINA** | **PRINSLOO** | **EV3** |
| | | DANIELLE | SMIT | GF29 |
| | | **THEA** | **VAN DER WALT** | **KR2** |
| Woensdag | 26-Aug | MARLENE | SMIT | KU2 |
| Donderdag | 27-Aug | ANDRé | DUNN | GF06 |
| | | GEORGE (JR) | FERREIRA | GF08 |
| | | WILLEM | FERREIRA | GF08 |
| | | DORITA | WEGNER | TY1 |
| Vrydag | 28-Aug | NICOLA | KRUGER | GF02 |
| | | INGE | VAN DRIEL | GF26 |



**Daar is ’n <u>amazing geleentheid</u>, en slegs beperkte hoeveelheid mense kan genooi word!!! Indien die volgende jou beskryf, kwalifiseer jy om vir 5 dae op ’n groot avontuur te gaan.**


- Jy ’n Christen en will Jesus Christus se reddings genade met ander deel. ☐
- Jy is ’n student/ jong werkende ☐
- Jy is beskikbaar 1-6 Desember 2026 ☐
- Jy hou daarvan om met tieners te werk ☐
- Jy is ’n lekker mens ☐
- Jy will in jou geloof groei ☐
- Jy hou van speel, kamp, stap, see en eet ☐

**Indien jy 7 reg merkies het- geluk!! Jy word genooi om die jaar ’n groepleier te wees by die Boland kamp. Die kamp is in Bettiesbaai. Om in te skryf as ’n groepleier of vir meer inligting oor die avontuur kontak gerus vir Zea Duffy (076 301 4911)**



# DOPPIES

## Help Daniël om 'n veilige pad uit te vind



**Hoe goed ken jy die Bybelse verhaal van Daniël in die leeukuil?**

1. Wie het vir Daniël in die leeukuil in gegooi?
2. Hoekom was Daniël in die leeukuil in gegooi?
3. Wie het die leeus se bekke gesluit?
4. Wat leer ons uit die verhaal?

<u>Al die antwoorde kan gevind word in Daniël 6:1-28</u>